

## NUWE LOGO - NG KERK VRYSTAAT

### 'N NUWE TEKEN VIR 'N NUWE TYD

Ons almal is dit eens dat 'n mens moet tred hou met die tyd. Die feit dat daar reeds heelwat gemeentes is wat weg beweeg het van die ou embleem van die NG Kerk in die OVS, is 'n sprekende voorbeeld dat hierdie embleem nie meer gepas is vir vandag nie. Die vraag is dan: Watter embleem/logo is dan gepas vir vandag?

Om hierdie vraag te beantwoord moet 'n paar ander sake uitgeklaar word, byvoorbeeld, watter beeld wil ons uitstraal, met ander woorde hoe wil ons bekend staan? Watter persoonlikheid het hierdie beeld? Hoe trek hierdie "persoonlikheid" aan?


Onder leiding van Hein du Plessis by "BrandNew" het ons deur 'n baie interessante proses gegaan en is ons gevra om woorde te gebruik om die kerk te beskryf en ook wat ons aan die kerk laat dink. Die volgende woorde is gebruik: Liefde, divers, hedendaags, oop arms, Woord sentraal, fondament, eenvoud, eenheid, beskeie, tuiskoms, verweef, weerkaats lig, waterbeweging, Kruis, rots, dienend, hande, hart, voete, uitdeel, duif, diensbaar, nederig, druiwe, olyf.

Hein het toe verskillende tipes persoonlikhede gewys met beskrywende woorde en ons moes toe daaruit kies watter persoonlikheid die beste by die kerk pas. Hier het die volgende woorde voorgekom: Denker, filosoof, kenner, adviseur, onderwyser, selfversekerd, in beheer, selfbeheersd, geloofwaardig, asook reguitpraat, mensgefokus, betroubaar, staatmaker, prakties, nederig, hou van roetine, voorspelbaar, "status quo" en tradisie.

Na aanleiding hiervan is afgelei dat hierdie "persoon" wat aangetrek moet word, vroulik is. Dit verwys na die liefde van 'n moeder, sag en warm, welkom en veilig, versorgend en dienend, ferm en selfversekerd. "Haar" ouderdom moet wissel tussen 30 en 35 jaar met stylvolle, kontemporêre kleredrag. Hierdie vroulike eienskappe van die logo bepaal dat sagter kleure en lyne gebruik moes word in die ontwerp wat jonk van gees is, met 'n blink toekoms, maar oud genoeg om ervaring en kennis te hê en respek te verdien.

Die simbool wat toe gebruik is, is afgelei van die visie "Lig in die duisternis", waar die fakkel deur die eeue gebruik is om lig saam te neem en lig te maak in die donker. Om dié outydse simbool te gebruik, verwys ook na die geskiedenis van die NG Kerk. Daar word ook gereeld van kerse gebruik gemaak as die simbool van die Lig vir die wêreld. Verskeie verse in die Bybel verwys na die Lig byvoorbeeld, God het lig eerste gemaak (Gen 1:3), Lig en lewe (Ps 36:10), Lig en waarheid (Ps 43:3), Lig vir die wêreld (Mat 5:14-16), Lig in die duisternis (Joh 1:4-5), God is lig (1 Joh 1:5).

Die kleure wat gebruik is, is gekies uit die beskrywende woorde, asook die simboliek wat elke kleur verteenwoordig:



Groen – Olyfboom – simboliseer groei, natuur, vrugbaarheid en vryheid van gebondenheid. Dit is die kleur wat die seisoen van epifanie verteenwoordig. (Epifanie is die tydperk wat Christus op aarde was – ook genoem Koninkrykstyd).



Oranje – Son – simboliseer moed, krag, volharding en verteenwoordig vuur en vlam.




Geel – Lig – simboliseer vernuwing, hoop, lig en reinheid. Geel en wit verteenwoordig die seisoen van Paasfees.



Blou – Water – simboliseer hemelse genade. Verteenwoordig hoop en goeie gesondheid. Die beweging van die water verwys na die beweging tussen mense op aarde en die lewe wat dit bring.



Grysbruin – Rots – simboliseer aarde of grond en nederigheid. Dit verwys ook na die Rots wat vas bly staan waarop ons moet bou.



Die kleure is dan ook só gekies dat dit die meng van die kleure vergemaklik is en indien daar weer verf gemeng moet word, dit nie sal verskil van die oorspronklike kleure nie.

**Die eindproduk:**



Variasies is ook geskep om verskillende kommissies, ringe en gemeentes te akkommodeer sodat die verskillende lede in die Vrystaat deel kan uitmaak van een liggaam onder een vaandel.

*Want soos ons in een liggaam baie lede het en die lede nie almal dieselfde werking het nie, so is ons almal saam een liggaam in Christus en elkeen afsonderlik lede van mekaar. (Rom 12:4-5).*